

WETENSKAP VIR DIE SAMELEWING: BOU HOOP IN AFRIKA

Prof H Russel Botman, Rektor en Visekanselier, Universiteit Stellenbosch

Kongres van Uitvoerende Hoofde, Vereniging van Statebondsuniversiteite, 25-27 April 2010

“Universiteite en die Millennium-ontwikkelingsdoelwitte”

Hoofsessie Twee: “Institusionele verpligtinge”

Kollegas, dames en here ...

U het moontlik in die Kongres-program opgelet dat dit kampustoere van die Universiteit Stellenbosch (US) later vandag insluit.

Ek moedig u aan om dit nie mis te loop nie. Dit sal u ’n goeie idee gee van hoe ons gereageer het op die uitdagings wat deur die Millennium-ontwikkelingsdoelwitte (MOD’s) gestel is, en hoe ons daardeur gevorm word.

Wanneer u vanmiddag rondbeweeg, kyk uit vir die baniere op ons fakulteitsgeboue, wat twee weke gelede opgesit is met die interne bekendstelling van ons bevorderingsveldtog. Die openbare bekendstelling is vir Julie geskeduleer, maar laat ek vir u ’n spesiale voorskou gee.

Die baniere het ’n sentrale tema, naamlik dat ons “glo” dat ons personeel en studente se innoverende werk “die wêreld sal verander”.

Dit is nogal ’n gewigte aanspraak. Laat my toe om te verduidelik hoe ons dit kan maak, en hoe ons by hierdie punt op ons reis van hoop gekom het.

Teen die eeuwisseling het die US ’n nuwe strategiese raamwerk aanvaar. Die doel was om ons prioriteite in die lig van twee groot ontwikkelings te herevalueer:

- Die geboorte van ’n demokratiese bestel in Suid-Afrika in 1994
- Die aanbreek van die 21ste eeu met sy kennisgebaseerde ekonomie

Aan die een kant het dit van Stellenbosch vereis om op die hoë standarde voort te bou wat die instelling as ’n wêreldklas-navorsingsuniversiteit bereik het. Dit het egter ook van die instelling vereis om te verander.

Die Universiteit het daarom erken dat hy ’n rolspeler in die ongeregthede van die verlede onder die apartheidsbestel in Suid-Afrika was.

En die US het sy toewyding tot regstelling verklaar, wat nagestreef sou word deur

- billikheid – die bou van ’n studente- en personeelkorps wat demografies meer verteenwoordigend van die samelewing is; en
- diens – die bevordering van ontwikkeling in benadeelde gemeenskappe en gebiede.

Toe ek drie jaar gelede as Rektor en Visekanselier aangestel is, het ek my ampstermyn aan die verwesenliking van hierdie toewyding gewy. In my inhuldigingsrede het ek uitgewys dat ons ’n probleem met “geloofwaardigheid” en “relevansie” het (Botman, 2007).

Ons moes ’n manier vind om “van sukses na beduidendheid” te beweeg.

Ek het voorgestel dat ons ’n Pedagogie van Hoop by die Universiteit tot stand bring. Dít is geïnspireer deur die werk van die Brasiliaanse opvoeder Paulo Freire, wat ondersoek ingestel het

na die eise wat demokrasie op die kurrikulum plaas (Freire, 2004). Hy het aan die hand gedoen dat die behoeftes van die ellendiges voorrang moet kry, wat uiteindelik tot almal, en nie net die armes nie, se voordeel sou wees.

Dit sou ons lei om nie net “beduidend anders” as in die verlede te wees nie, maar ook “beduidend beter” ten opsigte van ons toewyding tot die mense van ons land en vasteland.

Dit was ook ooreenkomstig die siening wat tydens die kongres vir statebond-opvoedingsministers in 2006 in Kaapstad uitgespreek is, naamlik dat die MOD's slegs in Afrika en elders bereik sal word as daar florerende stelsels van tersiêre opvoeding is.

As die nuwe hoof van die Universiteit moes ek besluit of ek die idee stadig wou bekend stel en of ek 'n duidelike rigting sou neerlê en almal sou vra om deel te neem. Ek het op die tweede opsie besluit, wel wetend dat ons die vliegtuig sou moes bou terwyl ons daarin vlieg.

Ek het voor die Raad verskyn en aan die hand gedoen dat deur die beoefening van wetenskap vir die samelewing – deur etlike van die wêreld se moeilikste uitdagings aan te pak – ons hoop in aksie sou kon omskep. Die Raad het met my saamgestem.

Vyf temas – uit die MOD's afgelei – is goedgekeur om die kernfunksies van die Universiteit te rig. Hierdie kernfunksies is

- onderrig en leer
- navorsing
- gemeenskapsinteraksie

Ons ontwikkelingstemas is die volgende:

- Beveg endemiese armoede en verwante toestande
- Dra by tot menswaardigheid en gesondheid
- Verstewig demokrasie en menseregte
- Bevorder vrede en veiligheid
- Vind 'n ewewig tussen 'n volhoubare omgewing en 'n mededingende bedryf

Die volgende stap was om akademiese en steunpersoneel op hierdie temas te laat inkoop. Hulle het met entoesiasme gereageer en 'n klomp voorstelle aan ons voorgelê.

'n Komitee het hierdie voorstelle deurgegaan en uiteindelik 21 strategiese projekte gekies. 'n Volledige lys hiervan verskyn as bylaag tot hierdie aanbieding, wat as uitdeeltstuk beskikbaar is.

Enkele van hierdie projekte was reeds van stapel gestuur, terwyl ander nog op die tekenbord was. Die eienskappe van al hierdie planne was egter 'n sterk klem op

- samewerking oor akademiese en institusionele grense heen;
- transdissiplinariteit; en
- samewerking in Afrika.

Ons het teruggegaan na die Raad en ondersteuning gevra om die proses aan die gang te sit. Ons moes wys dat ons in onself glo voordat ons ander om hulp kon nader.

Die Raad het R320 miljoen uit bestaande Universiteitsfondse toegeken vir die aanvanklike finansiering van dit wat teen daardie tyd reeds as ons Oorhoofse Strategiese Plan (OSP) bekend gestaan het.

Hier volg 'n bespreking van 'n paar van hierdie projekte ter illustrasie:

Die Ukwanda Landelike Kliniese Skool is 'n inisiatief van ons Fakulteit Gesondheidswetenskappe. Die skool se naam kom van die Xhosa vir "groeï en ontwikkeling in die gemeenskap".

Dit het begin as 'n inisiatief om opvoeding in die gesondheidswetenskappe vanaf die akademiese hospitale na 'n gemeenskapsopset te verskuif.

Sodoende kan studente 'n landelike perspektief kry en kan onderbediende gemeenskappe gesondheidsorg ontvang.

Ukwanda het tans tien terreine in verskeie dele van die Wes- en die Oos-Kaap.

Studente werk onder die toesig van opgeleide gesondheidsorg-personeel, en verskaf broodnodige dienste op voetsoolvlak.

Dames en here, kom ons fokus vir 'n oomblik op die groter geheel.

Hierdie nagtelike satellietbeeld van Afrika en Europa het nogal 'n opskudding veroorsaak toe dit 'n paar jaar gelede deur NASA vrygestel is, want dit toon duidelik die verskil tussen ontwikkelde en onderontwikkelde gebiede.

Die uitdagings waarvoor Afrika te staan kom, kan aan die uitvloei van kundigheid en die afname in wetenskaplikheid op ons vasteland oor die afgelope drie dekades gekoppel word.

In November 2006 het 'n paar dekane van fakulteite in die geestes- en sosiale wetenskappe in Stellenbosch vergader. Dit het aanleiding gegee tot die stigting van die *Partnership for Africa's Next Generation of Academics* (PANGeA).

Wat begin het as 'n netwerk tussen universiteite van Botswana, Dar es Salaam, Makerere, Malawi en Stellenbosch sal hopelik uitbrei en geleenthede vir akademiese samewerking oor die vasteland heen skep.

'n Verwante inisiatief is die Skool vir Nagraadse Navorsing in ons Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe. Dit koördineer multidisiplinêre navorsingstemas om die uitdagings van die vasteland die hoof te bied.

En dan is daar ook die Afrika Doktorale Akademie, wat as 'n kapasiteitsbou-sentrum vir voltydse doktorsale studente dien. Tans is 31 studente, waarvan 22 van buite Suid-Afrika se grense afkomstig is, deel van hierdie inisiatief.

Dames en here, Stellenbosch se Oorhoofse Strategiese Plan is nie as 'n toevoeging ontwerp nie. Elke bydrae tot onderrig en leer, navorsing en gemeenskapsinteraksie in elk van ons tien fakulteite help om hoop te gee.

Ons bevorderingsveldtog het sekere interne doelstellings wat elke hoek van ons Universiteit raak, naamlik

- Personeelsukses
- Studentesukses
- Navorsingsukses
- Bedryfsukses

Hier lig ek slegs twee transdisiplinêre projekte uit.

Ons Erfenisprojek is gemik op die voortbring van 'n nuwe oes akademië om voor te berei op die affrede van ons huidige navorsers. Deur akademiese ontwikkeling en vaardigheidsoordrag is ons besig om intern ons kapasiteit te versterk en die diversiteit van ons personeel te verbeter.

Ons Eerstejaarsakademie is 'n kampuswye inisiatief om die akademiese sukseskoers van ons nuwe studente asook die Universiteit se deurvloeiakoers te verbeter. Dit bestaan uit 'n reeks inisiatiewe, van vroeë assessering tot tutor- en mentorskap.

Ter samevatting: Ek glo ons benadering beantwoord sowel die "hoekom"- as die "hoe"-vrae wat ten opsigte van universiteite en die MOD's gevra word.

- Die verbetering van mense se lewens is die morele noodsaaklikheid van ons tyd.
- Deur hierdie normatiewe doelwit ten volle te ondersteun, kan universiteite hulle kernfunksies versterk.

Meer inligting is in ons lêers beskikbaar, en verskyn ook op ons webtuiste by www.sun.ac.za.

Ek dank u.

VERWYSINGS

Universiteit Stellenbosch. 2000. *'n Strategiese raamwerk vir die eeuwisseling en daarna*. Besikbaar by http://www.sun.ac.za/university/StratPlan/strat_afr.htm

Botman, Russel. 2007. *A multicultural university with a pedagogy of hope for Africa*. Besikbaar by <http://www.sun.ac.za/university/Management/rektor/toesprake.html>

Freire, Paulo. 2004. *Pedagogy of hope: Reliving pedagogy of the oppressed*. New York: Continuum Impacts.

BYLAAG A

Strategiese projekte

1. Afrika-sentrum vir Geskilbeslegting
2. Afrika-sentrum vir MIV/vigs-bestuur
3. Landbou-ontwikkelingsprojek
4. Sentrum vir Menslike Prestasiewetenskappe
5. Sentrum vir Indringerbiologie
6. Sentrum vir Kompleksiteitstudies
7. Die bekamping van armoede, behuisingsnood en sosio-ekonomiese kwesbaarheid onder die grondwetlike bedeling
8. Kommunikasie- en inligtingstelsels
9. E-Biblioteekhulpbronne
10. Energie en die omgewing
11. US-inisiatief vir voedselsekerheid
12. Geografiese Inligtingstegnologie
13. Skool vir Nagraadse Navorsing (met inbegrip van die Afrika Doktorale Akademie)
14. Die bevordering van menswaardigheid
15. MediaAfrika
16. Die Sekuriteitsinstituut vir Regeerkunde en Leierskap op Stellenbosch
17. TsamaHUB
18. Ukwanda Landelike Kliniese Skool
19. Die Eenheid vir Korporatiewe Bestuur in Afrika

- 20. Virtuele Nagraadse Leerondersteuningsprojek
- 21. Jeugsport-inisiatief